# ORANJE-VRYSTAATSE VLAG EN WAPEN 125 JAAR OUD

J. Haasbroek

* **PRAGPORTRET VAN WILLEM III AAN MUSEUM GESKENK**
* **WILLEM III SE AANDEEL IN DIE VERWESENLIKING VAN DIE VLAG EN WAPEN**

Vanjaar is die vlag en wapen van die Oranje-Vrystaat 125 jaar (1857-1982) oud. Willem III, koning van Nederland vanaf 1849-1890, het 'n besondere aandeel gehad in die daarstelling daarvan. Op 30 Oktober 1981 het dr. C. de Jong van Pretoria 'n pragtige reproduksie (afdruk) in volkleur van 'n olieverfportret van koning Willem III aan die Nasionale Museum geskenk. Hierdie staatsieportret is in 1851 deur die hofskilder, N. Pieneman, geskilder. Deur bemiddeling van die Nederlandse Ambassade in Pretoria het die Rijksvoorlichtingsdienst in Den Haag die reproduksie aan dr. De Jong voorsien. Tydens die oorhandiging van die afdruk aan die Museum, sê dr. De Jong: "Die aanleiding tot die aanbieding van die reproduksie is die besondere historiese band tussen Willem III en die Oranje-Vrystaat."

Willem III, seun van die Nederlandse vors Willem II, is op 19 Februarie 1817 gebore. In 1839 tree hy in die huwelik met Sophia, dogter van die koning van Württemberg. Hierdie huwelik was ongelukkig en het op 'n vervreemding uitgeloop. Na die afsterwe van Sophia verbind Willem hom in die eg met prinses Emma van Waldeck-Pyrmont. Uit sy eerste huwelik is twee seuns gebore wat voor hul vader oorlede is. Emma skenk hom 'n dogter, Wilhelmina, wat haar vader later sou opvolg as Koningin van Nederland. Willem III toon min belangstelling in staatsake en laat dit in die hande van sy ministers, hoewel hy geen simpatie met politieke liberaliste het nie. Hy wend sy rykdom aan om sosiale en ekonomiese ontwikkeling in sy land te bevorder en sy gewildheid neem verder toe wanneer hy in lewensgevaarlike omstandighede die oorstroomde gebiede in die Bomelerwaard in 1861 besoek. In die begin van 1889 verswak sy gesondheid en op 23 November 1890 sterf hy.



*Afdruk van staatsieportret van Willem III wat aan die Museum geskenk is.*

Reeds jare voor sy dood ontstaan 'n noue vriendskapsband tussen Willem III en die pasgestigte Republiek van die Oranje-Vrystaat toe prof. U.G. Lauts, Vrystaatse konsul in Nederland, in opdrag van president J.P. Hoffman, die Koning versoek om 'n staatsvlag en wapen aan die Vrystaat te skenk. Aan dié versoek is voldoen en Cornelis Hiddingh is na die Oranje-Vrystaat afgevaardig om namens Sy Majesteit, Willem III, 'n brief van goeie betrekkinge, wat soos volg afgesluit is ... *om U de verzekering te geven der gevoelens van hoogachting, waarmede ik mij noeme, Mijnheer de Presidente, uwen goeden Vriend, Willem* ... en 'n beskrywing en tekeninge van 'n voorgestelde vlag en wapen aan die Vrystaatse regering te oorhandig.

Intussen het 'n verandering in die politieke toestand in die Vrystaat ingetree. Na slegs 'n

jaar in die presidentstoel is Hoffman verplig om in 1855 te bedank en hy is deur J.N. Boshof opgevolg. Die hele kwessie rondom die vlag en wapen het hoofsaaklik gespruit uit die inisiatief van Hoffman en met Boshof se diensvaarding wis hy niks van die hele aangeleentheid nie - bygesê dat die staatsdokumente op daardie tydstip in 'n verwarde toestand was.

President Boshof het ondertussen van die Volksraad goedkeuring verkry om 'n Grootseël vir die Vrystaat te laat ontwerp. Wanneer Hiddingh in die Republiek opdaag, verkeer die Volksraad ietwat in die verleentheid, want die Grootseël is reeds deur bemiddeling van sir George Grey van die Kaap vervaardig en in besit van die President. Omdat dit die algemene gevoel was dat die Grootseël die wapen van die Vrystaatse Republiek sou vorm, het die Volksraad die volgende oplossing bereik: "Dat het ontwerp van de vlag (bestaande uit drie oranje en vier wit bane met die Nederlandse driekleur in die boonste linkerhoek) gezonden door den Koning der Nederlanden, zal aangenomen worden, zoo als in de ontvangene afteekening voorgesteld, en bij het gezondene dito wapen, het reeds bestaande, zoo als in het Groot Zegel van den Staat zal ingevoegd worden, met weglating der Oranje Streep." (Kyk afbeeldings I en II.)

Willem III het geen beswaar geopper dat die Grootseël die oranje *face* vervang nie. Met die viering van die Oranje-Vrystaat se derde jaar van onafhanklike bestaan in 1857 is die Vrystaat se nuwe vlag en wapen, soos deur die Volksraad aanvaar, amptelik in gebruik geneem.

Die Eerste Raadsaal-museum in St. Georgesstraat, Bloemfontein, bied 'n volledige uiteensetting van die ontwerp en samestelling van die Oranje-Vrystaatse vlag en wapen. Die oorspronklike ontwerptekeninge is in veilige bewaring by die Nasionale Museum.

Die portret van Willem III wat aan die Museum geskenk is deur dr. De Jong, is by hierdie uitstalling gevoeg om dit verder te versier en op te helder, omrede hierdie vors so 'n noue aandeel gehad het in die verwesenliking van die vlag en wapen.



*Afbeelding I: Die ontwerp van die wapen wat Willem III na die O.V.S. gestuur het.*



*Afbeelding II: Die ontwerp van die wapen wat deur die Volksraad van die Oranje-Vrystaatse Republiek goedgekeur is. 'n Soortgelyke wapen word vandag deur die Oranje-Vrystaat gebruik.*

**Bibliografie**


*Encyclopaedia Britannica*, Volumes 16 en 23, Londen, 1966.

GODÉE-MOLSBERGEN, E.C., "Hoe de Oranje-Vrijstaters hun vlag en wapen kregen", *Onse eeuw*, IIde jrg., 1911.

KIESER, A., "Die wapen van die Vrystaatse Republiek", *Die Skoolblad*, Februarie 1936.

MULLER, H.P.N., *Oude Tijden in den Oranje Vrijstaat* Leiden, 1907.

PAMA, C., "Die Vrystaatse Boom", *Historia*, VI(2), Junie 1961.

VAN SCHOOR, M.C.E., "Die Wapen van die Oranje-Vrystaat", *Historia*, VI(3), September 1961

*WINKLER PRINS' ALGEMENE ENCYCLOPAEDIE*, Amsterdam, 1928.

*G.S. 1328*, Vrystaatse Argiefbewaarplek, p. 14.